RESTEK
Chromatography Products
110 Benner Circle ★ Bellefonte, PA 16823 ★ 814-353-1300 ★ 800-356-1688 ★ www.restek.com

August 29, 2014

Re: LECO Africa as alleenverskaffer van RESTEK produkte in Suid-Afrika.

Geagte RESTEK kliënt,

Ek wil u graag hartlik bedank vir die lojale ondersteuning teenoor RESTEK Chromatografiese produkte.

RESTEK Korporasie het die verspreidingsvennootskappe en bestaande kontrakte met verspreiders heroorweeg en besluit om LECO Africa met ingang 1 Januarie 2015 as alleenverskaffer van chromatografiese produkte in Suid-Afrika aan te stel.

Vir die afgelope paar jaar was LECO Africa ‘n vennoot en bemarker vir RESTEK produkte en met goeie spanwerk kon ons ons kliënte voorsien van uitstekende chromatografiese oplossings en instrumentele kundigheid. LECO Africa sal daarna streef om uitmuntende verkope en tegniese ondersteuning aan al RESTEK se kliënte, oud of nuut, te verskaf. Tydens hierdie oorgang na alleenverskaffer status, kan ons verseker dat hulle steeds in al u behoeftes sal voorsien, asook ‘n mededingende prys sal aanbied.

Ek wil dan graag ook die nodige dank en waardering uitspreek teenoor Chromspec vir die rol wat hulle gespeel het met die vestiging van RESTEK produkte in Suid-Afrika.

RESTEK en LECO Africa se eerste prioriteit is om produkte van hoë kwaliteit aan u laboratorium te verskaf en sodoende te help om doeltreffend te funksioneer, asook waarde toe te voeg.

Vir enige verdere navrae, kan u my enige tyd kontak.

Vriendelike groete,

Dr. Mark Badger

Internasionale Verkoopsbestuurder vir Afrika

mark.badger@restek.com
001-814-880-0151

Esrie Menhennet

Verkoopskonsultant – LECO Africa

esrie@lecoafrica.co.za
082 771 7082